

Maandag 30

SKRIFGEDEELTE: 2 KRONIEKE 22:1 – 23:21 (OAV)

FOKUSGEDEELTE: 2 KRONIEKE 22:3, 4; 23:3, 16, 21 (OAV)

Ahasia – aartjie na sy moedertjie: Moenie navolg nie!

Vandag waarsku God ons deur *Ahasia*: hy het net soos sy moedertjie glad nie op die HERE vertrou nie! *Maar*, ons leer ook dat die HERE altyd getrou is – ons moet liever volkome op Hom vertrou! Daar was eintlik twee konings met hierdie naam *Ahasia*, wat ironies genoeg “*die HERE hou vas*” beteken, terwyl hulle nie aan die HERE vasgehou het nie. Die eerste Ahasia van Noord-Israel was die seun van die goddelose Agab en Isébel. Die Ahasia van 2 Kronieke 22 en 23 se pa en ma, Joram en Atalia, moes eintlik nooit getrou het nie – Joram was die seun van die godvresende koning Josafat van Juda, terwyl Atalia die dogter van die goddelose Agab en Isébel was. Koning Ahasia van Juda kom onder die invloed van sy goddelose ma en ooms (2 Kron. 3, 4). Hierdie twee soorte raadgewers lei hom verkeerd, die verderf in, naamlik met goddelose dae en samewerking met goddelose mense. Ons leer hieruit: moenie met ’n ongelowige trou nie, en moenie ongelowige raadgewers aanstel nie!

Ons leer egter ook uit hierdie geskiedenis dat die HERE altyd sy kerk in stand hou. Die poorte van die hel sal sy kerk nooit oorweldig nie. Die HERE doen dit volgens ons teks deur drie soorte mense:

- Die breë kerkvolk weet Wie die HERE is en wie sy kinders is, en wie nie. Volgens 2 Kronieke 21:20 word die goddelose koning Joram nie in die grafte van die konings begrawe nie, maar volgens 2 Kronieke 22:9 is Ahasia ter wille van sy godvresende oupa Josafat wél in die grafte van koning Dawid begrawe. Die kerkvolk hou aan die beloftes van die HERE vas.
- Die tweede groep mense is die gelowige familie van Ahasia. Toe Ahasia sterf, het sy ma Atalia die leisels oorgeneem en al die moontlike troonopvolgers doodgemaak. Ahasia se suster Josabat het Joas, Ahasia se seun, egter gesteel en weggesteek sodat daar volgens die beloftes van die HERE altyd ’n nakomeling van Dawid op die troon kan bly. Ons leer uit hierdie gebeure dat God vir Hom ’n volk uitkies en dat Hy aan hulle die geloof gee. Ahasia en Josabat het dieselfde goddelose ouers – Ahasia bly goddeloos, maar Josabat word gelowig, en trou selfs met die hoëpriester Jorada.
- Die derde groep mense is die besondere ampte van die kerk. Ná ses jaar skep die hoëpriester Jorada moed. Hy versamel die gelowiges, wys hulle op die verbond van die HERE met Dawid gesluit, herorganiseer die tempeldiens en kroon Joas as die wettige troonopvolger. Atalia word gedood en die kerk dien die HERE met blydskap en in rustigheid.

Jy – broer, suster, oom of tannie van kinders van goddelose ouers – word deur middel van jóú gelowige voorbeeld, jou Bybellees, katkisasie, kerksaak en betrokkenheid in diens van God se kerk geroep! God het sy belofte nagekom – Jesus is die ewige troonopvolger uit die huis van Dawid soos God belowe het. Deur sy uitverkiesende genade is jy ’n gelowige én geroep om sy kerk in stand te hou!

Sing: Skrifberyming 15:1, 2, 6, 7 (16-1)

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)